# JACO IS NOU DEEL VAN ELITE GROEP

Almal wil 'n beker by die huis hê. Jaco Lombaard kan nou sê dat hy deel van die Elite groep gholfers is wat 'n HBA maandbeker op die trofee-rak het. Hy wen Saterdag sy eerste *mug* met 'n netto telling van 69. Wat die dubbel uitspeelwedstryde betref gaan dit nie goed met die verdedigende kampioenpaar Julyan en John nie. Hulle verloor beide hulle wedstryde en gaan dit moeilik gaan om weer die beker vas te hou.

Saterdag word daar vir die Junie HBA maandbeker gespeel en gaan die halfweg ete hoender en skyfies wees, spesiaal gemaak vir Johan Nelson.

Die dubbel uitslae soos volg: Willie/Johan wen Gerrie/Eben 13-11, Eddie/Abrie wen Jacques/RJ 11-10, Herman/GP wen Ruan/Willem11-10 en Jack/Wiam wen John/Julyan 21-4.

Môre word daar weer ingeskryf vanaf 10:30 vir afslaan 11:00. Dit gaan jou R 200 kos wat ete en vleispryse insluit.



*Op die foto vl: Meimaand se "mug" wenners vl: Gerrie Muller (President), Jaco Lombaard (1 ste), Willie Pretorius (2 de) en Abrie Watson (3 de).*






# TREFFER FOTO'S ONTVANG

Ewie Claasen skiet 'n Swartwildebees op 350 meter met 'n 30.06 kaliber, beter bekend as 30 nul kwes.

Op die foto regs Ewie agterop die "eksotiese CORONA-tipe met masker geteël swartwildebees". Wees deel van ons fotokompetisie en gaan "like" jou gunsteling op Heilbron Herald se Facebookblad of gaan lees die bepalings en voorwaardes om self deel te neem. Kompetisie sluit eers einde Augustus, skryf nou in om jou "likes" te verwerf!










BKB Louwid NOORD
Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 6 JULIE 2020
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

DINSDAG - 7 JULIE 2020
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Rudy van der Westhuizen 079 418 4289
VEREENIGING Weeklikse veiling.
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

DONDERDAG - 9 JULIE 2020
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Marco Reinecke 079 493 9755
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189
VREDE: OOS-VRYSTAAT VELDRAM KLUBVEILING
55 Merino ramme
11:00, Vrede veilingskrale
Kontak Jandré Moll 082 307 9169

VRYDAG - 10 JULIE 2020
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Jandré Moll 082 307 9169
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za